

## Inleiding

Dit is alweer September en amper tyd om gereed te maak vir die Desember fees-seisoen wat Stilbaai, die rustige kusstad wat ons ken, omskep in 'n jolige en bedrywige vakansiebestemming vir jonk en oud.

Ons hoop dat ieder en elk van u 'n wonderlike 2019 so ver beleef het, gevul met voorspoed, vreugde en liefde.

Daar is tans 4 huise in aanbou, wat teen Desember 2019 voltooi behoort te wees, en sien ons daarna uit om so paar nuwe gesigte in die Duine te sien. Ons weet sommer dat u hulle goeiehartig sal verwelkom en laat deel voel van die Duine-familie.

Soos oudergewoonte het ons 'n paar puntjies wat ons graag onder u aandag wil bring. Ons glo dat hierdie nuusbrief u met die nuutste nuus van die Stilbaai Duine Huis Eenaars Vereniging sal voorsien en dat u 'n tydjie sal afstaan om dit te lees.

*“Die son, see en sand  
het net 'n unieke manier  
om jou hartsnare te kom  
tokkel en 'n lied van  
rustigheid in jou hart te  
speel.”*

- Anoniem



Stilbaai Duine se see-uitsig

## Hoofpunte:

- Terreinbestuurder
- Eiendomsagente
- Kommer: Droë takke
- Skoonmaak van erwe
- Spoedbeperkings
- Grondwet
- AJV 2019

# Terreinbestuurder

Mnr Nico Viljoen se kontrak as Terreinbestuurder met Stilbaai Duine Huis Eienaars Vereniging (HEV) sal op 30 November 2019 ten einde loop. Ons wil graag van die geleentheid gebruik maak om Nico te bedank vir sy passie en uitstekende werk verrig oor die laaste dekade vir die HEV in Stilbaai Duine, en hom voorspoed toewens met sy volgende lewensfase.

Ons het besluit om die Terreinbestuurder se pos te adverteer in die plaaslike koerante in Mosselbaai, Riversdal en Stilbaai in die volgende twee weke. Indien u belangstel, kan u op die advertensies reageer of by Tessa van Status Mark Eiendomme 'n afskrif aanvra van die advertensie. Ons het die posbeskrywing van Terreinbestuurder opgestel en goedgekeur, en beoog om 'n nuwe Terreinbestuurder teen einde Oktober 2019 aan te stel.

# Eiendomsagente

Ons het 'n skrywe aan alle Eiendomsagente in Stilbaai gestuur om hulle weer in te lig dat enige Eiendomsagent eiendom in Stilbaai Duine mag verkoop en dat daar geen eksklusiewe mandaat met Stilbaai Duine Eiendomme bestaan vir die verkoop van eiendomme in Stilbaai Duine nie. Stilbaai Duine se webwerf is ook aangepas om hieraan te voldoen.



Die eindlose see-uitsig vanuit Stilbaai Duine

# Kommer: Droë takke

Ons Voorsitter het ook 'n skrywe aan die Hessequa Munisipaliteit gerig om ons kommer uit te spreek oor die droë takke op Stilbaai Duine se grense en gevra dat dit verwyder word om brandgevaar te minimiseer.

Hulle het terug geantwoord dat ons tussen die eiendomme in Stilbaai Duine die droë takke moet verwyder. Hulle sal dan die take op ons grense in samewerking met Natuurbewaring brand wanneer die wind-toestande dit toelaat.

## Nuwe bakkie

Ons het 'n Toyota bakkie vir Stilbaai Duine HEV aangekoop.

## Boete skedule

Ons het 'n proses en boete skedule opgestel en goedgekeur vir oortredings van die Grondwet en Huisreëls. Status Mark Eiendomme sal dit aan alle Eienaars stuur.

## AJV 2019

Die volgende Algemene Jaarvergadering is op 20 Desember 2019. Ons sien uit om u almal daar te sien.

## Skoonmaak van erwe

Die skoonmaak van erwe in Stilbaai Duine het reeds goed gevorder en ons probeer om hierdie oefening teen einde Oktober te voltooi. Status Mark is in kontak met Eienaars om ooreen te kom met reëlings.

## Eksterne heining


Die Terreinbestuurder het die ondersoek voltooi rondom instandhouding van die eksterne heining. Die tegniese- en koste verslag sal op die Algemene Jaarvergadering gedeel word. Ons het besluit dat die heining nog ongeveer 5 jaar kan hou voordat groot instandhouding benodig sal word.

## Spoedbeperkings

Die Terreinbestuurder het ook 'n tegniese- en koste ondersoek na spoedbeperkings-opsies in Stilbaai Duine voltooi en sal dit deel met u by die Algemene Jaarvergadering. Ons het besluit dat verdere spoedwalle net geïnstalleer sal word as die ontwerp en posisie op 'n Algemene Jaarvergadering van HEV goedgekeur word.

## Grondwet wysiging

Ten opsigte van die voorgestelde Grondwet wysiging het 100% Eienaars nou geantwoord en 100% Eienaars het die voorgestelde Grondwet wysiging goedgekeur. Ons sal nou die Grondwet wysig soos goedgekeur deur die Eienaars.



Die prag uitsig oor Stilbaai soos die son sak